KEURING EN TOELATING

Keuring vir lidmaatskap van die Beweging vir Christelik-volkseie Onderwys (BCVO) geskied op grond van die onderskrywing van die grondslag van die BCVO. Die kern van die Grondslag word in die vrae van die volgende vraelys saamgevat. Die 15-puntvraelys is die keurings-instrument. Voornemende lede moet sonder voorbehoud, eerlik en opreg "Ja" antwoord op die volgende vrae:

1. Onderskryf u heelhartig die grondslag van die BCVO?

GELOOFSGRONDSLAG:

2. Glo u in die Drie-enige God soos Hy Hom in die Bybel openbaar en dat Hy die Skepper en Onderhouer van alles is en dat alles uit Hom en deur Hom en tot Hom is?
3. Glo u dat Jesus Christus die Seun van God is en dat Hy die enigste Verlosser van die mens is?
4. Is Jesus Christus u persoonlike Saligmaker?
5. Beskou u die Woord van God – die hele Woord en die Woord alleen – as onfeilbaar waar; as onfeilbare lewensrigsnoer en as onfeilbare bron van kennis van God?
6. Erken u dat Gods Woord volstrekte gesag het op elke terrein van die lewe en elke terrein van kennis?
7. Aanvaar u die drie Formuliere van Eenheid (die Heidelberse Kategismus, die Nederlandse Geloofsbelydenis en die Dordtse Leerreëls)
   - 7.1 as getroue weergawe van die hoofwaarhede in Gods Woord
   - 7.2 as betroubare uitleg van Gods Woord
   - 7.3 as staande onder die gesag van Gods Woord; en
   - 7.4 as u persoonlike geloofsoortuiging?

VOLKSGRONDSLAG:

8. Glo u dat ons volk, die Boere-Afrikanervolk, deur God Drie-enig in aansyn geroep is en van Hom 'n besondere roeping ontvang het om Hom te dien, te eer en te gehoorsaam ooreenkomstig sy Woord?
9. Glo u dat die Gelofte van Bloedrivier (1838) soos herbevestig te Paardekraal (1880) as geloftes vir die duur van ons volk se bestaan vir ons volk bindend is en nagekom moet word?
10. Beskou u Afrikaans
    - 10.1 as volkstaal; en
    - 10.2 as u moedertaal?
11. Glo u dat God elke volk, en daarom ook ons volk, bestem het tot 'n vrye, afsonderlike volk met 'n eie toekoms?
12. Beskou u die Christelik Republikeinse volkstaat (Boerevolk op eie volksbodem onder eie volksowerheid) as staatkundige bestel en bestemming vir ons volk?
13. Onderskryf u die beginsel van selfwerksaamheid as 'n sleutel tot vryheid?
14. Eerbiedig u die Voortrekker- en Republikeinse geskiedenis van ons volk en ons volk se eie tradisies, kultuur en gebruike?

CHRISTELIKE-VOLKSEIE ONDERWYS:

- is God-gerig
- is Bybels-gegrond
- is na inslag en aard deur ons Calvinisties Protestantse geloofs- en lewensoortuiging bepaal;
- het as hoofdoel die opvoeding van die kind en student tot
  - selfstandige God na sy Woord dienende persoonlikheid, geskik en bereid om al die gawes wat hy van God ontvang het tot Gods eer, tot heil van sy medemens en tot Gods eer, tot heil van sy medemens en tot uitvoering van God se kultuuropdrag binne alle lewensverbande waarin God hom plaas, te bestee;
  - egte Boere-Afrikaner met 'n egte liefde vir Afrikaans en vir die volkseie kultuur;
- handhaaf Afrikaans as moeder- en voertaal van ons onderwys;
- beoefen opvoedkunde, wysbegeerte, wetenskap en vakwetenskap in die lig en volgens die beginsels van die Heilige Skrif (dws volgens gereformeerde beginsel,)

15. vereenselwig u u met dié besondere siening van Christelik-Volkseie Onderwys?

GETEKEN TE _____ OP _____

HANDTEKENING_____ HANDTEKENING _____
Aansoeker Eggenoot/Eggenote